G – WKOD-riglyn:
Psigososiale ondersteuning

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	G - WKOD-riglyn: Psigososiale ondersteuning	
G - WKOD-riglyn	Uitgereik: 20 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-20

G: WKOD-riglyn: Psigososiale ondersteuning

1. Doel:

1.1 Die volgende dokument verduidelik die verskeidenheid dienste en ondersteuningsmaatreëls wat die WKOD se psigososiale ondersteuningsdienste bied.

2. Vermoëns van die Wes-Kaap Onderwysdepartement

2.1 Psigososiale ondersteuningspersoneel:

- Distriksielkundiges/-beraders
- Distriksmaatskaplike werkers
- Distrikshulp-maatskaplike werkers
- Versorgings- en ondersteuningsassistente/leerderondersteuningsassistente in skole met hoë risiko (MIV & TB Lewensvaardigheidsprogram)
- Sielkundiges en beraders by spesiale skole
  Die WKOD het bestaande vennootskappe met die Departement van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling onder beskerming van die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram.

2.2 Werknemergesondheid en welstand:

2.2.1 Die provinsie het 'n werknemergesondheids- en welstandsdiens wat deur Metropolitan Health voorsien word.

2.2.2 Die diens is beskikbaar aan alle WKOD-werknemers en hulle onmiddellike gesinslede. Dit bied ondersteuning vir verskeie kwessies, vanaf uitdagings in gesinsverband, finansiële raad, verhoudings, mediese raad en uitdagings in werksverband. Hierdie dienste is aangepas om stres, angs en gesondheid gedurende die huidige krisis te help beheer.

2.2.3 Werknemers kan in aanraking kom met die WHWP by hulle tolvrynommer: 08001110011 om 'n vertroulike gesprek met een van hulle beraders te hê.

2.2.4 Werknemers kan ook 'n "Bel my asseblief"-boodskap aan *134*664*38# stuur of 'n e-pos na wced@mhg.co.za.

2.2.5 Verdere inligting kan bekom word via die WKOD se WHWP-webportaal by: https://wcedonline.westerncape.gov.za/employee-health-and-wellness-programme.

2.3 Psigososiale ondersteuningsdienste

2.3.1 Psigososiale ondersteuningsdienste sal op die volgende ondersteuningsaspekte gebaseer word:
2.3.2 Uitgebreide (hele skool) opbou van vermoëns wat betref onderwyser en leerder se geestesgesondheidskennis/welstandbewuswording/praktyke/intervensies.
2.3.3 Klaskamerpraktyke wat fokus om skoolgemeenskappe ingeligte hou oor trouma en opbou van geharde praktyke vir emosionele en sensoriese regulering/selfbestuur bv. asemhalingsoefeninge, progressiewe ontspanning, oplettendheid, beweging, dans, kuns, drama, naskoolse programme, ens.
2.3.4 Individuele en groepspsigososiale steun.
2.3.5 Psigososiale ondersteuningspersoneel sluit maatskaplike werkers, sielkundiges, beraders, hulp-maatskaplike werkers, en versorgings- en ondersteuningsassis-tente in.

3. Rolle en verantwoordelikhede

3.1 Die rol van die provinsiaalgebaseerde ondersteuningspan

3.1.1 Verskaf psigososiale steun aan die agt distrikte.
3.1.2 Monitor en identifiseer tendense oor psigososiale ondersteuningsbehoeftes en die impak van intervensies.
3.1.3 Werk saam met Kurrikulum, Bestuur en Beheer (ingeslote Veilige Skole), ander regeringsdepartemente, NRO's, universiteite, ens.

3.2 Die rolle van distriksgebaseerde en kringgebaseerde ondersteuningspanne (DGOS'e en KGOS'e)

3.2.1 DGOS'e/KGOS'e: Distriksielkundiges en maatskaplike werkers werk saam met skoolgebaseerde beraders, sielkundiges, verpleegsters, inklusiewe onderwys-uitreikspanne, MIV-programversorgings- en ondersteuningsassistente en hulp-maatskaplike werkers, Bestuur en Beheer (ingeslote Veilige Skole-koördineerders en Skoolverrykingskoördineerders), ander staatsdepartemente en NRO's om skole (onderwysers/leerders) wat deur die COVID-19-pandemie geraak is, te ondersteun.
3.2.2 DGOS'e/DBS'e, in samewerking met die Werknemergesondheids- en Welstandsprogram, reël vir ondersteuning aan distrikte asook skoolpersoneel, bv. personeelondervragingsessies.
3.2.3 DGOS'e/KGOS'e gee leiding en steun aan skole.
3.2.4 Leerders se aankomsaktiwiteite.
3.2.5 Grondlyn psigososiale klaskameropname moet gedoen word.

3.2.6 Psigososiale ondersteuning sal op verwysings via die ondersteuningsroete en terugvoering van die skole gebaseer word.

3.2.7 Ondersteuning aan skole deur die DGOS'e en KGOS'e moet geprioritiseer word volgens vlak van ondersteuning wat verlang word.

3.2.8 Psigososiale ondersteuningspersoneel kan volgens die terugvoering van skole individuele en groepsondersteuningsessies/inligting/raad/opbou van vermoëns bied volgens die vlak en aard van die behoefte.

3.2.9 Trouma-ingeligte-/Geharde skole (TIGS)-intervensies sal by die kwesbaarste skole en gemeenskappe geprioritiseer word.

3.2.10 KGOS'e moet met SGOS'e/SBS'e/beheerliggame in verbinding tree om die voorsiening van psigososiale ondersteuning deur die ondersteuningsroete te fasiliteer.

3.2.11 DGOS'e moet samewerking en gesprekke met ander komponente op distriksvlak aanwakker vir 'n verenigde benadering.

- Kurrikulum: Skakel met Lewensoriëntering, ens. se vakadviseurs om COVID-19-bewusmaking, oorsake, behandeling, higiëne, welstandpraktyke, ens. in te bring in Lewensoriënteringslesse en ander lesvakke.
- Bestuur en Beheer: Kringbestuurders moet skole ondersteun met fundamentele funksionaliteit oor ondersteuningstrukture, ens.

3.2.12 Veilige Skole: Skakel met Veilige Skole-koördineerders oor programme wat hulle het en wat bygevoeg kan word by post-COVID-19-psigososiale ondersteuning.

3.2.13 MIV/VIGS: Skakel met versorgings- en ondersteuningskoördineerders oor ondersteuningsprogramme wat bygevoeg kan word by post-COVID-19-psigososiale ondersteuning.

3.2.14 Skoolverryking: Werk met skoolverrykingsamptenare saam wat betref COVID-19-verwante skoolverrykingsprogramme.

4. Kontakte vir distrikshoof van inklusiewe en gespesialiseerde leerder- en opvoederondersteuning

Distrik	Hoof van GLOO	Kontaknommer
Eden & Sentrale Karoo	R Jacobs	044 803 8351
Kaapse Wynland	S Swart	023 348 4658
Overberg	A Crous	028 214 7399
Weskus	A Arendse	021 860 1209
Metro- Sentraal	E Hassen	021 514 6700
Metro- Suid	G de Klerk	021 370 2090
Metro-Oos	O Rustin	021 900 7187
Metro-Noord	C Petersen	21 938 3063

5. Vloeidiagram vir psigososiale ondersteuning